Kentekens op Erkenningsbaadjie van Penkoppe en Drawwertjies

Regterkant:		***Linkerkant***
Groepkenteken Die groepkenteken kom in die middel van die skouer, ***50mm*** van die skouernaat af. (Of ***100mm*** in geval van fisies groter kind)	***1.***	***Voortrekkerwapen*** Die Voortrekkerwapen kom in die middel van die skouer, ***50mm*** van die skouernaat af. (Of **100mm** in geval van fisies groter kind)
ABC-Toekenning Die kenteken kom ***10mm*** van die onderkant van die groepkenteken af en slegs die hoogste toekenning word gedra.	***2.***	***Gebiedswapen*** Die gebiedswapen kom ***10mm*** van die onderkant van die Voortrekkerwapen af
Spesialisasiekentekens en Feesjaarkenteken: Die eerste Spesialisasiekenteken kom in die middel, ***10mm*** van die onderkant van die ABC-kenteken af. Indien geen ABC-kenteken gedra word nie, kom die eerste Spesialisasiekenteken ***50mm*** van die onderkant van die groepkenteken af. Verdere Spesialisasiekentekens word, soos hulle verwerf word, ***10mm*** uitmekaar aangebring met die tweede kenteken naaste aan die knopekant van die baadjie. Die derde kenteken word die naaste aan die synaatkant van die baadjie aangebring. Die vierde, vyfde en sesde kentekens word onderskeidelik ***10mm*** onder die eerste, tweede en derde kentekens aangebring. Die sewende kenteken word ***10mm*** onder die vierde kenteken aangebring. Verdere kentekens word volgens dieselfde patroon aangebring.	***3.***	***Kommandonaamlint*** Die kommandonaamlint kom ***10mm*** van die onderkant van die gebiedswapen af.
	4.	***Spankenteken*** Die Spankenteken kom ***10mm*** van die onderkant van die kommandonaamlint af.
	5.	***Rangkentekens:*** Die rangkentekens kom ***10mm*** van die onderkant van die spankenteken af.
LW. Die Feesjaarkenteken word oorgedra na die Verkennerbaadjie.	***6.***	***Getroue Diensjare:*** Die kenteken kom ***10mm*** onderkant die rangkenteken. **Indien geen rangkentekens gedra word nie, kom die jukskei en/of voorjuk *50mm* van die onderkant van die spankenteken af.** 1.Na een jaar getroue diens word 'n oranje jukskei gedra. 2. Na jaar twee word dit vervang met 'n groen jukskei, jaar drie met 'n blou jukskei en jaar vier met 'n rooi jukskei. 3. Na vyf jaar getroue diens word die rooi jukskei met 'n oranje voorjuk vervang. 4. Na jaar ses word die voorjuk saam met die jukskei met die toepaslike kleur gedra. 5. Daarna word die voorjuk en die jukskei met die toepaslike kleure jaarliks aangepas. (Die voorjuk kom naaste aan die knope)
	7.	***Graadwiele*** Die eerste graadwiel kom in die middel, ***10mm*** van die onderkant van die getroue diens kenteken af. Die tweede graadwiel kom langs die eerste, ***10mm*** na die knopekant van die baadjie af. Die derde graadwiel kom langs die eerste, ***10mm*** na die synaatkant van die baadjie af. Die vierde, vyfde en sesde graadwiele kom onderskeidelik ***10mm*** onder die eerste, tweede en derde graadwiele. Die sewende graadwiel kom in die middel onder die vierde graadwiel. Na verwerwing in graad 7 word die **dagbreek-graadwiel onderkant die sewende graadwiel vasgewerk.**

Januarie 2011

Penkop en Drawwertjie Erkenningsbaadjie uitleg

Januarie 2011

REGTERKANT ***LINKERKANT***